WAT IS DISSIPELSKAP?

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

'N VARS NUWE DENKE OOR GEMEENTEWEES! (DEEL 9)

© KOPIEREG 2010

ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS
ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Ons het nou die groot stap geneem en gemeentewees gedefinieer. Vir die gemiddelde mens kan dit na ‘n klein stap lyk, maar as jy sien hoeveel verdeeldheid en verwarring daar onder geestelike leiers is, besef jy dat dit eintlik ‘n groot stap is. Mense, die uur is laat in die wêreld en as jy my nie glo nie, kyk net een aand na die nuus op televisie. Al die tekens van die einde is daar en die oplossings sit nog steeds vasgevang in stoele. Hulle geniet dit om vermaak te word in plaas van om te gaan. Gemeentewees bly steeds die Vader se strategie om die oplossing, naamlik Jesus, by almal uit te kry. Dit is egter tyd vir ernstige bestekopname of dit waarmee ons besig is die wêreld gaan verander.

Ek het geen twyfel daaroor dat tradisionele gemeentewees definitief nie in staat is om die groot opdrag uit te voer nie. Ons toon groei, maar dit kan nie eers die bevolkingsaanwas in die wêreld oortref nie. Die hoeveelheid nuwe gelowiges is minder as die hoeveelheid nuwe geboortes. Ons sal moet eerlik raak en ophou om soos volstruise met ons kop onder die sand te staan. Ons benodig nie net ‘n vermeerdering in bekerings nie, maar ‘n totale ontploffing of eksponensiële vermenigvuldiging. Daar is ongetwyfeld net een manier waarop dit kan gebeur en dit is as elke gelowige aanmeld vir die volle werking van die Woord en Heilige Gees deur hulle. Laat staan al die hope mooi dinge waarmee jy besig is en laat ons soos een man opstaan in hierdie land en dissipelskap tot sy volle realisering bring. Hou op om dinge te bou waarin jy mense wil vergader en begin jou tyd spandeer om diegene wat reeds in is so vinnig as moontlik uit en aktief in die veld te kry. Kan ons nie ten minste die 20% room van ons gemeentes uitvat en gemeentes met hulle gaan plant nie?

WAT IS DISSIPELSKAP?

9.1) DIE OMVANG VAN DISSIPELSKAP!

Dit is van uiterste belang dat ons die omvang van die groot opdrag in Matt.28 sal besef. In die eerste plek was die opdrag nie soseer om al die nasies te bereik nie, maar om al die nasies te dissipel. Die sukses van die evangelie lê nie in die feit dat mense net die evangelie moet hoor nie, maar dat hulle gedissiplineerde lewens moet lewe! Ware dissipels is mense wat soos Jesus lewe en nie net kerklidmate is nie! Die verdere omvang van die groot opdrag was dat die klompie dissipels van omtrent 120 mense die opdrag gehad het om die hele wêreld te dissipel! Elke gemeente het die potensiaal om die hele wêreld te dissipel en dit is ook Jesus se verwagting. Is die gemeente waarin jy is gerat, gereed, gemotiveerd en ingerig om die hele wêreld te dissipel? Ons dink eenvoudig nie so nie, want ons is beslis nie oortuig dat dit moontlik is nie. Die hele manier waarop ons gemeente bedryf en ons infrastrukture inrig, is definitief nie volgens ‘n denke dat ons die hele wêreld gaan inneem nie. Alles word gedoen om mense te akkommodeer en nie om hulle so vinnig as moontlik uit te stuur nie!

9.2) DIE PRODUK VAN DISSIPELSKAP

Die mens is na die beeld en gelykenis van God geskape en dit wat hom laat uitstaan bo ander wesens is juis die feit dat hy ‘n hart of gees het waarmee hy die geeswêreld kan betree en ook ‘n ander kwaliteit van lewe kan lewe as die ander wesens. Die mens was geskape vir lewe en oorvloed in sy verhoudings. Ware dissipelskap kan niks minder wees as om dieselfde lewe van oorvloed te lewe

wat Jesus op aarde gelewe het. Onthou, ware sukses lê in reproduksie en ware dissipelskap kan niks minder wees as die reproduksie van Jesus se lewe in elke mens op aarde! Die *doel* van dissipelskap is dus om elke persoon op 'n reis te vat waar hy / sy God kan ontdek deur Sy stem te leer ken en sy / haar lewe aan te pas in gehoorsaamheid aan wat die Woord sê.

Hierdie proses van die opwekking en oordrag van lewe moet dan deur elkeen voortgesit word na so veel as moontlik ander mense ook. II Tim.2:1-2 – "Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat in Christus Jesus is; en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer." Dissipelskap is 'n eksponensiële saak. Hoe meer mense dit doen, hoe meer mense raak betrokke om dit te doen en hoe vinniger word almal gedissipel.

9.3) SLEUTELELEMENTE IN DISSIPELSKAP

Kom ons kyk na 'n paar skrifte wat pertinent melding maak van dissipelskap:

- John 8:31-32: En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: *As julle in my woord bly*, is julle waarlik my dissipels. En julle sal *die waarheid ken*, en die waarheid sal julle vrymaak.

- Luke 14:26, 27 + 33: Luk 14:26 As iemand na My toe kom en hy haat nie sy vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs ook sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie. (27) En elkeen wat sy *kruis nie dra* en *agter My aan kom* nie, kan my dissipel nie wees nie. (33) So kan dan ook niemand van julle wat nie *afsien van al sy besittings*, my dissipel wees nie.

- Joh 13:34-35 ‘n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle *mekaar moet liefhê*; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. *Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is*, as julle liefde onder mekaar het.

- Joh 15:7-13 - As julle in My bly en *my woorde* in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry. (8) Hierin is my Vader verheerlik, dat julle *veel vrug dra;* en julle sal *my dissipels* wees. (9) Soos die Vader My liefgehad het, het Ek julle ook liefgehad. *Bly in hierdie liefde* van My. (10) As julle my gebooie bewaar, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.(11) Dit het Ek vir julle gesê, dat *my blydskap in julle kan bly* en julle blydskap volkome kan word. (12) Dit is my gebod, dat julle *mekaar moet liefhê* net soos Ek julle liefgehad het. (13) Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand *sy lewe vir sy vriende gee*.

- Joh 15:26-27 – “Maar as die Trooster gekom het wat Ek vir julle van die Vader sal stuur, die Gees van die waarheid wat van die Vader uitgaan, sal Hy van My getuig. (27) En *julle getuig ook*, omdat julle van die begin af met My is.

- Hand.20:23-24 – “behalwe dat *die Heilige Gees in elke stad kragtig getuig* en sê dat boeie en verdrukkinge op my wag. (24) Maar ek *bekommer my glad nie* en ek *ag ook my lewe vir myself nie dierbaar nie*, sodat ek met blydskap my loopbaan kan volbring en die bediening wat ek van die Here Jesus ontvang het, *om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God*.”

Net uit hierdie teksgedeeltes sien ons kernbegrippe na vore kom wat dissipelskap definieer soos: in My Woord bly / God liefhê bo almal / sy kruis dra / agter My aankom / afsien van jou besittings / mekaar lief te hê / in My woorde bly / veel vrug dra / bly in My liefde / My gebooie bewaar / My blydskap in julle kan bly / mekaar moet liefhê / jou lewe vir jou vriende gee / julle getuig ook / bekommer my glad nie / ag my lewe vir myself nie dierbaar / om kragtig te getuig vir die evangelie van die genade van God! Hierdie woorde vorm saam ‘n kragtige pakket waaruit ons basies vier kernelemente kan onderskei:

- Verantwoordelik teenoor MEKAAR (groep)
- In die WOORD bly
- LIEFDE vir mekaar
- GETUIG teenoor ander

9.4) HERDEFINIëRING VAN DISSIPELSKAP:

9.4.1) Dissipelskap gaan bekering vooraf – ons moet dissipel na bekering toe!

In ons kerklike denke dink ons aan dissipelskap as iets wat uitsluitlik beperk is tot gelowiges. Die gelowiges kom mos nou immers gemeente toe om grootgemaak te word en te groei! Dit is dan juis op hierdie punt waar alles na binne gekeer raak en ons nie eers uitreik na ongelowiges nie, wat nog te sê ongelowiges dissipel. Daar is net een opdrag en een program vir die gelowiges en dit is die dissipelskap van die ongelowiges. Hierdie is net ‘n vreemde konsep in ons gedagtes, maar in die praktyk dissipel ons ons kinders lank voordat hulle nog die Here aanneem in hulle lewens. Indien ons die proses van dissipelskap reg verstaan, sal dit

vir ons ook makliker wees om te verstaan dat dit moontlik is om ongelowiges te dissipel.

9.4.2) Dissipelskap gaan oor begeerte, gewilligheid, ontdekking en bespreking – nie lesings in klasse nie!

Die gewilligheid, ontvanklikheid, begeerte en openheid van ‘n persoon wat gedissipel word, is die grootste faktor wat bepaal of dit ‘n sukses is. Jy kan nie volwasse mense teen hulle wil dissipel in geestelike dinge nie. ‘n Dissipel is juis iemand wat gewilliglik die dissipline van die Heilige Gees se stem in sy lewe ontvang om gehoorsaam daarvolgens te lewe. Dissipelskap gaan oor ‘n wil wat vrywillig aan ‘n ander wil onderwerp en nie oor ‘n hoeveelheid lesings in klaskamers waar slegs inligting oorgedra word nie. Dissipelskap is nie ‘n blote oordrag van inligting nie, maar die transformasie van ‘n lewe in elke aspek daarvan. In die proses van dissipelskap is daar wel ‘n faktor van inligting of openbaring van die waarheid, maar dit word self deur die Vader aan die persoon geopenbaar. Ons het te veel dissipelskap waar ons vir mense preek en die Vader geen kans kry om self met die persoon te praat nie. Jesus het self in Joh.8:31-32 gesê dat iemand ‘n ware dissipel is as hy in Sy Woord bly, want dan sal hy die waarheid ken en die waarheid sal hom vrymaak! Dissipelskap begin by die begeerte om persoonlik die Vader se stem te hoor deur self die Woord te lees! As jy dit nie het as fondament nie, het jy net menslike advies en wette!

9.4.3) Dissipelskap gaan oor God se Gees wat die Woord persoonlik aan mense openbaar – dit is nie om dogmatiese leerstellings te korrigeer nie!

Die enigste plek van vryheid in die heelal is die stem van die Vader! Geen menslike lering, kursus, onderrig of prediking kan jou vrymaak nie. Vryheid van enige

verslawing is net te vinde wanneer jy die Vader persoonlik met jou hoor praat aangaande jou probleem! Prediking is tweederangse openbaring vir die hoorders en maak net vry indien die hoorder direk na die Vader gaan om homself van die preek te vergewis. As blote prediking mense vrygemaak het, sou die hele wêreld al lankal vry gewees het. Dit is net God se stem in die prediking wat vrymaak indien jy dit kan hoor. Die res is net woorde, alhoewel dit eersterangse openbaring vir die prediker self is. Prediking kan teologiese verandering in die denke bring, maar word gereken as een van die oneffektiefste middele indien jou doel konstante lewensverandering is!

In kerke is dogma van uiterste belang, want dit is die nommer een rede waarom daar so baie denominasies is. Voltydse leiers en predikers wat 6 jaar en langer gestudeer het, word aangestel om seker te maak dat die lidmate nie leerstellig dwaal nie. Die doel van Jesus se koms na die aarde was nie in die eerste plek om suiwere leer te bring nie, maar om die Vader suiwer in lewende lywe as ‘n persoon te openbaar. Dit is nie leiers se taak om lidmate voortdurend te korrigeer nie, want die Heilige Gees sal almal in die volle waarheid lei namate elkeen net die Woord lees. Doktrine is nie onbelangrik nie, maar blote regte leerstellings waarborg ook geen konstante lewensverandering nie. Lewensverandering begin by die vernuwing van jou gemoed, maar is net die begin van die proses – Rom.12:1-2. Om by lewensverandering te kom moet die wil, emosie en die liggaam ook nog saamwerk. Die interessante ding is dat alle mense meer leef volgens emosies (is dit lekker) as volgens hulle verstand (is dit reg of verkeerd)! Net die aktivering van die wil uit die gees kan die saak uitsorteer en onder beheer kry.

9.4.4) Dissipelskap is ‘n leefstyl wat geen einde het nie – dit gaan nie oor ‘n reeks kursusse nie

Dissipelskap gaan in wese oor ‘n leefstyl. Dit is iets waaraan jy elke dag vir die res van jou lewe gaan werk en daar gaan nooit ‘n volmaakte einde wees nie. Die essensie van ‘n lewensstyl is ook nie of jy alles perfek gesê en gedoen het nie, maar in die oorsprong, motiewe en gesindheid van die hart! Enige lewe of saak is maar 20% inhoud en die orige 80% is gees en gesindheid! Dissipelskap het veel meer met korrekte gesindhede te doen as korrekte woorde en dade in die eerste plek. Die verdere probleem is met watter maatstaf jy gees en gesindheid kan meet? Net die Vader kan dit deur die Woord en die Heilige Gees doen. Daar is ook geen kursus wat jou volmaak klaar kan dissipel nie. Geen kursus of reeks kursusse oor dissipelskap gaan die saak finaal afhandel nie, want die volmaakte kursus is alreeds lankal geskryf, naamlik die Woord! Die Woord is lewendig en kragtig en dit alleen kan lewe opwek, verander en onderhou! Om ‘n leefstyl te dissipel het ons ‘n lewenssituasie nodig en nie kursusse en preke nie!

9.4.5) Dissipelskap gebeur die maklikste in klein groepe, gemeenskappe en families – nie noodwendig een tot een of massas nie!

Dissipelskap is ‘n intieme persoonlike werking in mense se lewens en kan nie plaasvind in opsette wat te groot, formeel en onpersoonlik is nie. Mense leef volgens waardes en waardes kan net verander as mense die regte lewe in jou teenwoordigheid lewe. Die mag van die voorbeeld was nog altyd die sterkste. Jy kan met mense se teologie redeneer, maar nie met die lewens wat mense lewe nie. Die spreekwoord sê “The man with experience is not at the mercy of the man with the argument.” Ons opdrag is om mense lief te hê en sodoende die groot gebod uit te voer. “People do not care how much you know, until

they know how much you care." Elkeen van ons het groepe, gemeenskappe en families nodig waar ons deur voorbeelde kan leer. Die armste mens is hy wat op sy eie moet lewe en alles self moet uitvind! Een tot een dissipelskap is nie verkeerd nie, maar kan baie verskraal raak in die gemiddelde ondervinding waaruit jy kan leer. Een tot een mentorskap kan ook geweldig baie tyd in beslag neem. Ons moet ook leer dat ons probleme nie so spesiaal is dat niemand anders daarmee kan assosieer nie! Elke mens het nodig om sy lewe te commit en neer te lê vir inbou en verantwoording in 'n groep wat soos 'n familie funksioneer! In die groot byeenkoms kan ons saam na preke luister, maar persoonlike opbouing vind nie daar plaas nie.

9.4.6) Dissipelskap spreek in in elke aspek van die lewe – nie net die godsdienstige en geestelike sake nie!

God het die mens geskape as liggaam, siel en gees en het voorsiening gemaak dat ons in alles suksesvol kan lewe. Die mens is 'n eenheidswese en alles in jou lewe het 'n invloed op mekaar. In die Westerse samelewing het alles geinstitusionaliseerd geraak en aan instansies gedelegeer. Die gemeente sorg vir die geestelike, die makelaar en bankbestuurder vir die finansies, die skool vir die onderwys, die dokter vir die mediese, die sielkundige vir jou verhoudings, die kleuterskool maak jou kinders groot en die Sondagskool sorg vir jou kind se geestelike opvoeding! Daar mag verskillende dissiplines in die samelewing wees, maar God maak aanspraak op alles in ons lewe! Hy is die begin van almal se lewe en die oplossing vir alles. Die Woord spreek alles aan in ons lewens en is die beginpunt vir alles! God is die God van alles in ons lewens. Die mens is in wese 'n geestelike wese en alle oplossings begin in die geestelike wêreld! Die Woord gee direk en indirek die beginsels deur vir alles in ons samelewing. As gelowiges

mag ons nie sekere dele vir mense oorgee, sodat hulle die beheer daarvan oorneem nie.

9.4.7) Dissipelskap is gedrag, verhouding en lewe gebasseerd – dit gaan nie oor wat jy weet nie, maar wat jy lewe en hoe jy God gehoorsaam!

Die tragiek vandag is dat godsdienstige mense hoogs ingeligde mense is met geweldig baie kennis, maar nie noodwendig veel daarvan lewe nie! In die Westerse wêreld word leiers juis aangestel en betaal volgens hulle studies van 4 tot selfs 10 jaar! Die maatstaf waarmee dissipelskap gemeet word is nie kennis nie, maar gedrag, verhouding, lewensvaardigheid, karakter en gesindheid! Dit is die sake wat punte tel in die koninkryk en niks anders nie. Die Here wil nie in die eerste plek weet hoeveel jy weet en watter grade en kursusse jy agter die blad het nie, maar hoeveel van die Woord jy lewe. As jy nie weet hoeveel jy lewe nie, vra vir die eenvoudigste mens wat jou ken en jy sal ‘n duidelike aanduiding hê! Vaardigheid kom net deur die lewe te lewe en nougeset in gehoorsaamheid aan die Here te lewe. Dinge loop skeef in ons lewens juis omdat ons nie meer die Here so nougeset gehoorsaam is nie. Ons raak verbruikers (consumers) in gemeentelewe en nie meer volgelinge van Christus wat daarna strewe om Sy volle gestalte te lewe nie!

9.4.8) Dissipelskap gaan oor om te lewe volgens wie jy is – jy word ‘n dissipel deur ander dissipels te maak!

Dissipelskap handel oor identiteit. Alle mense lewe volgens hulle verstaan van hulle identiteit. Jy los nie probleme op deur aan probleme te karring nie, maar deur mense nader aan die Vader te bring, sodat hulle hulle identiteit beter kan verstaan. Jy kan jou identiteit net vind in die Woord wat jou in die teenwoordigheid van die Vader

bring en jy kan net jou identiteit vestig deur dit voor ander te gaan lewe en hulle te help met hulle identiteit! Kortom gesê: jy kan net ‘n dissipel word deur ander mense te dissipel! Jy kan net leer swem deur in ‘n swembad in te spring en te leer swem in die omgewing van die water. Jy kan net leer om verhoudings te hanteer deur in verhoudings te gaan met ander mense! Mense word ware dissipels deur ander mense te dissipel en self die proses saam met ander mense te stap!

Daar is geen ander pad nie en iewers moet ons eerlik daarmee raak en alles wat ons doen in gemeentewees in lyn bring daarmee. Daar was nog altyd net EEN opdrag van die Here se kant af en dit was om nasies te dissipel. Daar was nog altyd net EEN gebod van God se kant af en dit is liefde! Laat ons daarby bly en nie aanhoudend tien ander dinge uitvind wat kamstig sal help langs die pad nie. Gelowiges word net goeie dissipels deur self ander mense te dissipel. Geen kursus kan jou vaardig maak, behalwe om eenvoudig te gaan en te doen wat ons beveel was en al die ander dinge ‘n slag te los nie! Mag die Vader ons genade gee om getrou te raak aan Sy Woord en nie ons gemeenteprogramme nie!

9.6) ‘N DEFINISIE VAN DISSIPELSKAP

9.6.1) Dissipelskap is die proses van om, in die teenwoordigheid van ander mense, iemand te begelei in ‘n toer deur al sy verhoudings, sodat hy die Vader se wil vir sy lewe kan ontdek en gehoorsaam daaraan kan raak.

9.6.2) Dissipelskap is die proses waardeur God:

- die harte en verhoudings van mense verander (gehoorsaamheid in verhoudings)

- in ‘n gemeenskap van mense
  (atmosfeer tussen mense)
- deur die werking van die Woord en die Heilige Gees
  (Woord)
- tot ‘n uitvloei van ‘n koninklike lewensstyl
  (getuienis)

IF HE IS NOT LORD OF ALL, HE DOES NOT WANT TO BE LORD AT ALL!

OPSOMMING

1) Al die nasies sal net dissipel word as al die gelowiges gaan begin om ongelowiges te dissipel!

2) Elke groep gelowiges of gemeente het die potensiaal om al die nasies te dissipel. Hulle dink net nie so oor hulleself nie!

3) Die produk van dissipelskap is mense wat soos Jesus lewe!

4) Die sleutelelemente van dissipelskap is as volg:

- Verantwoordelik teenoor MEKAAR (groep)
- In die WOORD bly
- LIEFDE vir mekaar
- GETUIG teenoor ander

5) Die fokus is om ongelowiges te dissipel. Gelowiges raak net gedissipel deur te gaan en ongelowiges te dissipel!

6) Dissipelskap gaan nie oor die oordrag van inligting nie, maar oor die transformasie van lewens. Dissipelskap beteken niks as mense nie lewe wat hulle sê nie!

7) Net gewillige mense kan gedissipel word! As dit nie uit die hart is nie, is dit blote aangeleerde gedrag en nie ‘n lewenstyl uit jou wese nie.

8) Ware, konstante vryheid is alleen te vinde in die stem van die Vader self! Almal moet persoonlik na die Vader gaan en geen leier kan vir jou instaan nie.

9) Alle sake of situasies is 20% inhoud en 80% gees en gesindheid. Die hart spreek harder as die verstand!

10) Die voorbeelde van ander mense se lewens is krities noodsaaklik in die vestiging van ‘n nuwe lewensstyl!

11) Die Woord spreek alle aspekte van ons lewens aan en is die oplossing vir alle aspekte van ons lewens!

12) Alles in die lewe is ‘n Persoon: Jesus Christus! Daar is net een wet in die lewe en dit is die wet van Christus!

13) Die lewe kan net in die ware lewe geoefen word! Jy kan net vaardig word in die lewe deur te lewe!

14) Dissipelskap is nie om te probeer om iemand te word nie, maar om te leer hoe om te wees wie jy is! God vra nie van mense iets wat hulle nie alreeds is en waarvoor Hy nie alreeds alles ten volle voorsien het nie!

15) Dissipelskap is die proses van om, in die teenwoordigheid van ander mense, iemand te begelei in ‘n toer deur al sy verhoudings, sodat hy die Vader se wil vir sy lewe kan ontdek en gehoorsaam daaraan kan raak.